

**Sing vooraf staande: Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)**

- 1 "Water sal ek op hul sprinkel, / water uit 'n springfontein".  
En van alle onreinighede / was die HEER sy volk dan rein.  
"Nuwe harte gee 'k aan julle, / en Ek gee 'n nuwe gees;  
'k sal die hart van klip verwyder, / aan jul gee 'n hart van vlees.
- 2 "'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.  
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry  
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 100:1, 2, 3, 4 (p. 494)**

- |   |   |
|---|---|
| 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!<br>Dien God met blydschap, gee Hom eer;<br>kom nader voor sy aangesig,<br>en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 Die HEER is God, erken dat Hy<br>'n eie volk vir Hom berei,<br>'n volk om Hom te dien en vrees<br>en skape van sy wei te wees.      |
| 3 Gaan deur sy poorte in met lof,<br>met lofsang in sy tempelhof;<br>kom in sy huis, o bondsvolk, saam;<br>verhef sy lof en prys sy Naam.       | 4 Want goedertieren is die HEER;<br>sy goedheid eindig nimmermeer;<br>sy trou en waarheid hou hul krag<br>tot in die laaste nageslag. |

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet (Deuteronomium 5 en Romeine 3:19-24)

**Psalm 32:1 (p. 151)**

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.  
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.  
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde  
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Gebed

**Psalm 51:3 (p. 261)**

- 3 Dis nie dié sonde alleen wat roep om straf: / ek is in ongeregtheid gebore,  
en lê voor U in doemskuld gans verlore / al van die uur van my ontvang'n is af.  
U eis is waarheid in my binnest', HEER; / en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!  
Daal af in my verborge diepte en leer / my daar u wysheid, diep en menigvuldig.

**Skriflesing:** Genesis 4:1-8, 25-5:5; Johannes 3:1-8; 15:1-8;  
Heidelbergse Kategismus, Sondag 3:7, 8

**Kernvers:** Johannes 3:5-6

**Jesus het geantwoord:** "Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees.  
(Johannes 3:5-6 AFR83)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 7

**Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan?**

Antwoord:

*Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b).*

*(a) Gen 3; Rom 5:12, 18, 19. (b) Ps 51:7; Gen 5:3.*

### Vraag 8

**Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?**

Antwoord:

*Ja (a), behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (b).*

*(a) Gen 8:21; 6:5; Job 14:4; 15:14, 16, 35; Joh 3:6; Jes 53:6. (b) Joh 3:3, 5; 1 Kor 12:3; 2 Kor 3:5.*

**Tema:** Die hoop op lewe wat aan die ellendige mens geskenk word

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om 'n reis aan te pak met 'n kaart in die hand, is daar 'n paar basiese dinge wat jy moet weet. Jy moet weet waarheen jy op pad is, en met die kaart wil jy agterkom wat die beste roete na jou bestemming toe is. Maar om die roete te bepaal na jou bestemming toe moet jy heel eerste weet waar jy jouself bevind.

Ons Heidelbergse Kategismus is in 'n sekere sin vir ons 'n kaart. Elke Sondag-afdeling is 'n stuk pad op die roete waarop die Heilige Gees ons gelowiges aan die hand vat sodat ons uit die Woord van die Here kan verstaan waar ons onself bevind en waarheen Hy met ons op pad is. Elke vraag in die Sondag-afdeling is 'n stilhouplek op hierdie roete na die bestemming wat God in sy genade vir elkeen van sy kinders bestem het.

In die heel eerste vraag en antwoord het die Heilige Gees vir ons in die Bybel gewys waar elke ware gelowige tans is. Elke ware gelowige behoort met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan die getroue Verlosser, Jesus Christus. In een sinnetjie is daar gesê waar ons vroeër was. Ons was onder die heerskappy van die duiwel, maar Jesus het ons daaruit losgekoop met sy kosbare bloed. Verder het die Heilige Gees vir ons die eindbestemming gewys – die ewige lewe. En op pad na die volheid van die ewige lewe belowe die Here om ons op te pas.

In die woorde van die eerste antwoord het ons agter die Here aan gesê waar ons tans is op die roete, maar ons het ook gesê daar lê alreeds 'n stuk pad agter ons. En in Sondag 2 het ons 'n gedeelte van die roete in ons lewe gesien waarop ons glad nie trots is nie. Inteendeel, op die bordjie van een van daardie stilhouplekke staan daar geskryf dat ons God en ons naaste nie ten volle lief kan hê nie. Van nature is ons eerder geneig om God en ons naaste te haat.

Met daardie bordjie op die roete het die Heilige Gees ons nuuskierig gemaak. Ons wou weet hoe dit dan nou gekom het dat ons God en ons naaste van nature haat. Ons nuuskierigheid oor ons verlede het gemaak dat ons gevra het: **Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?** Daarop het die Heilige Gees ons met die Woord nog verder terug in die geskiedenis in geneem. En Hy het vir ons gewys dat die eerste mense nie as haters van God en hulle naaste begin het nie. Inteendeel, die eerste twee mense was volmaak die ewebeeld van God. Hulle was heilig en regverdig. Ons het uit God se eie getuienis – uit die Bybel – gehoor hoe reg en goed en heilig Hy die mens geskep het. God het die mens juis so geskep en met 'n eie wil geskep sodat die mens God vrywillig kon dien en liefhê. Die mens het immers alles gehad wat nodig was om God vrywillig te kon dien en liefhê.

Dit het alles op die eerste bordjie op die roete gestaan waarheen die Heilige Gees ons verlede Sondag geneem het. Maar as dit dan nie God se skuld is dat ons haters van God en ons naaste geword het nie, hoe het dit dan gebeur? Op hierdie vraag het die Heilige Gees ons na die volgende stilhouplek geneem sodat ons self kon lees watter tragiese ding in God se goeie skepping gebeur het.

Hoewel die allerverskriklikste ramp wat God se skepping getref het, nie by die mens begin het nie – die duiwel het eerste teen God in opstand gekom en daarna ook die kroon van die skepping kom verlei – het die mens homself laat betrek in die bose bondgenootskap met die Satan teen God. Die mens het met die vrye wil wat hy gehad het uit sy eie gekies om agter die lokstem van die Satan van die hoë posisie af te spring waar God hom geplaas het. Die mens het moedswillig ongehoorsaam geword aan God. Die gawes van ware geregtigheid en heiligheid het die mens in God se gesig teruggegooi omdat hy gereken het hy gaan iets beter kry as hy van die verbode vrugte eet. In plaas van beeld van God wou die mens self God wees om self te bepaal wat reg en verkeerd is.

Ons eerste ouers, Adam en Eva, het onmiddellik die gevolge van hulle misdaad ervaar. Hulle het nie die buitengewone kennis gekry nie. Hulle het besef dat hulle kaal is en hulle het skaam geword vir mekaar. Die voorreg om God reg te ken en Hom van harte lief te hê het hulle verloor. Die mens het onbetroubaar geword, want hy het met die aartsvyand van God geheul en self ook 'n vyand van God geword. Daarom het God hulle uit die tuin van Eden verdryf.

Die mooi werklikheid wat God geskep het en waaraan hulle deel gehad het, was vir hulle verlore. Dit het nou 'n harde werklikheid geword. Omdat hulle nie meer in 'n sondelose verhouding met God was nie, is die verhouding tussen man en vrou ook gebroke. Die vrou het na haar man begin hunker – sy wou sy posisie as hoof inneem. En as reaksie daarop het hy oor haar begin heers. Die man kon van toe af nie meer net vrugte van die bome pluk om sy vrou te versorg nie. Net deur harde werk kon hy sy gesin versorg, want die aarde is deur die mens se moedswillige ongehoorsaamheid vervloek.

Maar dit is nie net Adam en Eva wat die bitter smaak van opstand teen God in die mond gehad het nie. Reeds in die volgende hoofstuk na die sondeval lees ons van die aaklige gevolge van die eerste mense se misdaad. Hulle eerste seun word 'n moordenaar.

'n Dwaalleraar uit die vierde eeu n.C. met die naam Pelagius, het verkondig dat mense sonde doen omdat hulle so 'n slegte voorbeeld van hulle ouers ontvang het. Volgens hom kan 'n mens heilig en regverdig bly lewe as jy maar net nie kies om die slegte voorbeeld van jou ouers na te volg nie.

Maar Kain het tog nie by sy ouers die voorbeeld gesien om moord te pleeg nie. Hulle het niemand anders vermoor nie. Daarom moet daar tog 'n ander rede wees waarom Kain vir Abel doodgeslaan het. Die rede wat in Genesis 4 aangedui word, is dat Kain baie kwaad geword het. Hy was kwaad omdat die Here nie hom en sy offer aangeneem het nie maar wel vir Abel en sy offer. Sy woede het later dade geword. Hy het sy broer vermoor. Maar die kwaad word en woede-uitbarsting van Kain moes tog 'n oorsaak hê.

Die Here waarsku vir Kain om oor die sonde te heers. As hy nie goed doen nie, gaan die sonde oor hom heers. Wat in Genesis 4 vir ons nog onduidelik is, naamlik die oorsaak van Kain se woede, word weldra duideliker. En dit word juis duidelik in die woorde van Jesus aan Nikodemus:

**Wat uit die mens gebore is, is mens.** (Johannes 3:6 AFR83)

Die mens bring 'n mens voort wat in alle opsigte soos hyself is. Trouens, daar word berig dat Adam se derde seun, Set, as die beeld van sy pa gebore is.

Dit beteken: Soos wat Adam beeld van God is, is Set ook beeld van God. Die mens het na die

sondeval steeds draer van God se beeld gebly. Maar Adam was nie meer die volmaakte beeld van God nie. Hy is nou 'n sondaar en die beeld van God in hom is erg geskend. Daarom is Set as die beeld van sy pa ook 'n sondaar, want die beeld van God in hom is ook erg geskend soos wat dit in sy pa geskend is. En Dawid sê in Psalm 51 dat hy al skuldig was toe hy gebore is, met sonde belaaï toe sy ma swanger was met hom.

Geliefdes, dit is op grond van hierdie Skrifgetuïenis dat ons bely: ***Ons natuur het so verdorwe geraak*** deur die sondeval ***dat ons almal in sonde ontvang en gebore word***. Elke liewe mens wat gebore word, word gebore met 'n giftige fontein in sy hart. Ja, selfs daardie klein babatjie wat so oulik is, is met die giftige fontein van sonde in sy hart gebore. Hy is 'n mens wat uit 'n mens uit voortgekom het.

Die klein mensie wat uit sondaarouers gebore word, is net so 'n sondaar as wat sy ouers sondaars is. Ons kan dit met die volgende beeld nog duideliker maak: 'n Pofaddertjie wat maar enkele dae gelede uitgebroei het, is net so 'n pofadder as wat sy ouers is. In so 'n klein pofaddertjie is daar net soveel kwaad as wat daar in 'n groot volwasse pofadder is. In hom is die beginsel reeds daar om 'n dodelike byt toe te dien aan sy prooi. In elke klein babatjie is die beginsel om enige sonde te doen reeds in hom ingebore.

Ons noem hierdie aangebore geneigdheid tot sonde *erfsonde*. Adam en Eva se misdaad in die paradys het veroorsaak dat elke mens wat sedert die sondeval gebore is, nog voor sy geboorte die allerverskriklikste ding erf, naamlik die sonde.

Wanneer ons van erfsonde praat, maak ons 'n onderskeid tussen erfskuld en erfsmet sodat ons 'n beter begrip kan kry van ons eie onmag om iets goeds te doen. Adam en Eva is die eerste mense wat God geskep het. Direk na die sondeval noem Adam sy vrou Eva, want sy is die moeder van al die mense. Daarom word Adam ook die vader van al die mense genoem. Toe Adam in die sonde geval het, het hy in persoonlike hoedanigheid voor die Here gestaan en ook in amptelike hoedanigheid.

Die Here het met Adam as die eerste mens die werkverbond opgerig. Indien Adam aan die Here gehoorsaam gebly het en nie van die verbode vrugte geëet het nie, sou hy uiteindelik die ewige lewe kon verkry. In hierdie werkverbond teenoor die Here is Adam die hoof van alle mense. Deurdat Adam met God verbind was as gevolg van die skepping, is alle mense in Adam aan God verbind omdat alle mense skepsels van God is en van Adam afstam. Maar Adam het sy verbintenis met God verbreek toe hy agter die Satan se lokstem aan gespring het. Daarmee het hy ook sy nageslag – al die mense – se verbintenis met God verbreek. En die dag toe hy dit gedoen het, het hy 'n vyand geword van God, en al die mense na hom is tot vandag toe van nature vyande van God.

Dit is soos 'n staatshoof van 'n land wat oorlog verklaar teen 'n ander land. Sodra die oorlogsverklaring uitgereik is, is elke mens van die land, groot en klein, oud en jonk, vyande van die ander land se mense. En elke mens van die land staan die gevaar om doodgemaak te word. Op dieselfde manier het Adam geweld teen God gepleeg en dit het tot gevolg gehad dat elke liewe mens wat uit hom gebore word sondaars is en skuldig staan voor God. Ons het erfskuld.

En soos wat 'n kind uiterlike eienskappe, soos velkleur, kleur van hare en gelaatstrekke, van sy ouers erf by geboorte, so erf hulle ook die innerlike geneigdheid om sonde te doen. Soos wat elke mens met 'n hart gebore word, word hy ook met 'n besmetlikheid gebore. Elke liewe mens het erfsmet.

Elke mens word in sonde ontvang en gebore. Elke mens het erfsonde. En uit hierdie giftige fontein van erfsonde groei die sondige gedagtes, woorde en daede van die mens. Daarom staan elke liewe mens skuldig voor God. Elke liewe mens verdien om aan sy liggaam en siel gestraf te word met die

tydelike en ewige straf.

Broers, susters en kinders, dit is nie net Adam en Eva wat gebuk gegaan het onder die gevolge van hulle sonde nie. Ons almal wat uit hierdie eerste ouers voortkom, dra ook die gevolge daarvan. Ook ons is skuldig voor God, want ons is van voor ons geboorte af vyande van Hom. Ons is mense wat uit mense gebore is.

En dit bring ons by die punt hoe diep ellendig ons werklik is. Ons het so diep in die ellende en sonde geval dat ons nie anders kan nie as om te sê: ***Ons is so verdorwe dat ons uit onself glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is.***

Hierdie antwoord wat ons op vraag 8 bely, klink voorwaar oordrewe en swartgallig. Dit klínk egter nie net swartgallig nie, dit is ook so. Die mens het deur sy geweld en opstand teen God homself van God afgesny. Koelbloedig het hy die lewensaar, sy verbintenis aan God, morsaf gesny. En elke mens is nou soos 'n loot wat van die wingerdstok afgesny op die grond lê. In daardie loot is daar nie meer lewe nie. Daar kan liters en liters reënwater op daardie afgesnyde loot val, maar solank as wat hy daar alleen op die grond bly lê, sal hy beslis nie weer kan groei en bloei en vrugte dra nie. Inteendeel, van al die nattigheid sal hy eerder vrot en deur die wind en weer tot niet gaan.

Omdat die mens homself van God afgesny het met die gewelddadigheid van sy sonde, het hy ook 'n dooie geword. Uit homself kan hy niks meer goed doen nie. Al waartoe hy nou geneig is, is om sonde te doen. Die wil wat hy gehad het om reg te kon kies, is verlore, want hy het in die kloue van die duiwel en die mag van die sonde vasgevang geraak. Daarom is alles wat die mens uit homself wil doen, besmet met sonde. Enige sonde is vir hom haalbaar. Hy is geneig tot alle kwaad. Elke soort sonde kry in die mens se sondige geaardheid 'n aansluiting. Daarom kan enige mens in enige soort sonde val. Hy kan en wil homself nie meer teësit teen die sonde nie, want sy begeerte en wil is besmet met die sonde.

Hoe kan ons uit hierdie swartgallige doodsbestaan vrykom? Net as ons weergebore word. Nikodemus het die weergeboorte op 'n baie kinderlike manier verstaan. Hy het gereken dat 'n mens weer uit jou ma gebore moet word. Dit sou goed wees om weer uit jou ma gebore te word. Maar dan moet jy net al die slaggate en verkeerde dinge onthou sodat jy nie weer dieselfde sondes van voor af doen nie. Maar die moeilikheid is dat jy dan nog steeds 'n mens is wat uit 'n mens gebore is. Die erfsonde is nog nie uitgewis nie.

Om weer gebore te word, is nie iets wat op die aarde deur aardse geboortes kan plaasvind nie. Ons moet van bo af opnuut gebore word. Dit is 'n daad wat alleen deur God se wonderbare mag kan gebeur. Deur ons sonde en sondige geaardheid het ons self ons verbintenis met God verbreek. Maar daar het God ons nie gelos nie. Hy is 'n getroue en liefdevolle God. Hy verbreek nie sy verbintenis met die mens nie.

Omdat God weet dat die mens glad nie in staat is om homself uit hierdie diepe verlorenheid op te hef nie, het Hy sy Seun gestuur. Hy het sy Seun gestuur omdat Hy die mense wat vyande van Hom geword het, steeds liefhet. Jesus Christus het as Hoof van die nuwe verbond – die genadeverbond – ons skulde op Homself geneem om as 'n sondaar behandel te word. Jesus het ons vyandskap teen God op Homself geneem sodat Hy in ons plek daarvoor kon ly en sterf. Ook vir ons erfsonde het Christus Jesus ons Here aan die kruis op Golgota gesterf. Sodoende het Hy vir ons die verlossing verdien en daarmee saam het Hy vir ons die ware geregtigheid en heiligheid verwerf wat ons in die paradys verloor het.

Aangesien Christus se werk volmaak is en Hy opgevaar het na die hemel, het God sy Heilige Gees gestuur om wedergeboorte aan ons te skenk. En die eerste gevolg van die wedergeboorte is dat die

mens in God en Christus begin glo omdat die Heilige Gees die geloof in die mens se hart opwek. Deur die geloof kan ons nou verseker weet dat Christus ook vir ons aan die kruis gesterf het. Hierdie geloof is die lewensaar wat die Here ons God vir ons gee sodat ons weer aan Hom verbind kan wees en lewe. Hierdie geloof bind ons in Christus in. Ons was die dooie lote wat eenkant gelê het om te verrot. Maar die Heilige Gees plant ons weer in Christus in. Hy is die ware wingerdstok uit wie ons die lewewekkende krag ontvang om weer in gemeenskap met God te kan lewe. Deur ons inlywing in Christus in, herskep die Heilige Gees die beeld van God in ons. Hy maak ons heilig.

Deur hierdie liefdevolle werk van ons God word ons weer in staat gestel om die kwaad te haat en vrugte te dra. Hierdie vrugte is die goeie werke wat ons doen deurdat Christus in ons is en ons in Hom. Sonder Hom kan ons immers niks doen nie. En met die goeie werke wat ons doen, verheerlik ons die Seun en die Vader in die hemel.

Vanoggend het die Heilige Gees ons gehelp om te lees wat op hierdie stilhouplek se bordjie geskryf staan. En wanneer Hy ons lei om met ons vinger die roete op die kaart in die Kategismus terug te volg in ons geskiedenis in, laat Hy ons eerstens die troosvolle genade hoor: Ons behoort in lewe en in sterwe met liggaam en siel aan Jesus Christus omdat Hy ons van die sonde en die dood verlos het. En by hierdie laaste bordjie op die stuk pad van Sondag 3 herinner die Heilige Gees ons dat ons aan hierdie verlossing deel het – slegs omdat Hy die wedergeboorte aan ons geskenk het. Ons kon nie self uit die dood van die sonde opstaan nie. Ons lof en dank kom aan die Here ons God toe vir hierdie weldaad wat Hy aan ons bewys het.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 86:2, 6 (p. 431)

- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,  
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.  
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;  
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
11 Augustus 2013